
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Baie paaiemente is reeds in offers vir ons vryheid betaal.*

# Die O.B.



*Die laaste paaiement moet nog vir ons vryheid betaal word.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 15 APRIL 1942. No. 23.

## Eenheid Alleen Moontlik Op Grondslag Van Lewensbeskouing

### Genl. Smith Beklemtoon Eie Aard van Afrikaanse Koers

**Voor 'n geesdriftige gehoor van die Stellenbosse O.B.-A.N.S.-front het genl. J. A. Smith, Assistent-kommandant-generaal, op 1 April beklemtoon dat Afrikanereenheid bereik moet word deur middel van 'n gemeenskaplike ideologie.**

Aanvanklik het die Generaal die ou verworde stelsel van Britse Liberalisme behandel en aangetoon hoe hierdie stelsel met sy geld-maatstaf gelei het tot metodes wat die karakter van enige volk moet verwoes. Posisies moet verower word teen alle koste en waar deug en bekwaamheid tekortskiet, moet die moontlike persoonlike ondeugde van jou teenstander opgediep word. Waar jy self nie 'n sport hoër kan klim nie, moet jy jou mededinger 'n sport laer probeer afkry. Hierdie metode het juis die grootste verwarring in ons volksgeledere geskep — juis wat die vyande van ons volk verlang.

Op die vraag van Party-kant hoe die O.B. voorstel om die republiek te verkry anders as deur die stembus, het spr. geantwoord met die weervraag hoe hulle voorstel om ooit 'n meerderheid van stemme te kry as hulle nie ons hulp bykry nie? **Duideliker erkenning van die feit dat hulle ons kragte en samewerking nodig het vir hul wyse om 'n republiek te verkry, kan nie verlang word nie. Waarom veg hulle dan teen ons wie se hulp hulle nodig het? het genl. Smith gevra.**

Met betrekking tot die vraagstuk van eenheid, het spr. verklaar dat die neiging hom by ons volk openbaar om ondanks onderlinge stryd te soek na 'n geleentheid tot die heropbou van groter eenheid en uitbouing. Hierdie groter eenheid en breëre volksfront is moontlik — selfs moontlik by die voortbestaan van organisatories onafhanklike volksorganisasies — met die onbreekbare band wat mense van dieselfde lewensbeskouing saambind. Dit is moontlik op sekere bepaalde geestelike en etiese grondslae, waarop al die res — noem dit politiek as u wil — kan rus. Anders kan dit nie. 'n Nuwe omwenteling in die gees van ons volk, net soos in dié van die meeste ander volke, het ingetree. Die mensheid het moeg en sat geword van die volkskadelike demokrasie met geld as die alles beheersende maatstaf van die lewe. **Alleen eenheid wat eenheid van hart en sin is, is moontlik. Eenheid moet dus op die grondslag van 'n gemeenskaplike ideologie bereik word.**

**Om daardie eenheid te verkry, moet ons mekaar eers verstaan, moet ons eens wees in ons lewensbeskouing wat die groot en [illegible] grondbeginsel betref, en eens wees oor [illegible] ons nastrewe. Ons moet saam een ideologiese stryd kan voer** — op een algemene doelwit [illegible] stuur om waar dit nou nog nie waarskynlik mag blyk nie, uiteindelik binne die omwentelingstydperk een organiese eenheid te word.

Laat teenswoordige toestande, verwydering of bekamping van ons eenheidstrewe, hervormingspogings en onderlinge onverdraagsaamheid ons geensins ontmoedig nie, maar juis aanvuur tot groter erns en vasberadenheid. Die geskiedenis leer ons die valsheid van die demokraat se opvatting van wat die aanduiding van die volkskoers is, naamlik 'n tydelike eleksiemeerderheid, 'n Nasionaal-Christelike volksbeweging wat afstuur op radikale verskuiwings in die maatskaplike, ekonomiese en politieke lewe, word gedra deur 'n veel kleiner groep mense — dié wat gereed staan om deur selftug en studie hulself te bekwaam vir die hoogste vorms van ware, onselfsugtige nasiediens. **Ons kyk dieper in na die dieptekern waarin die volk se wese, sy innerlike kultuur-karakter in hoogste konsentrasie leef. Daardie kern het deur die geskiedenis heen in alle nasies bestaan as die mees deurvoede draer van die volksiel en die volksbelang.**

Ek is ook nie pessimisties oor die toekoms nie, het genl. Smith gesê, omdat ons weet dat geen mag, skynbaar oormagtig, draers van die nuwe orde-idee in hul opmars kan stuit nie, **want met ons staan die wêreld op die drempel van 'n algehele nasionale en maatskaplike omwenteling.**

Vervolgens het spr. weereens sy uitnodiging aan ander organisasies wat eens voel oor ons volkstrewe, herhaal om met hul eie organisasies as wapens saam met ons te veg vir die gemeenskaplike ideaal.

Met verwysing na ons volkskoers het spr. verklaar dat daar 'n rigting is wat aangedui word vir die toepassing van die kernbeginsels waarvoor die omwenteling stry in die omverwerping van die gebonde liberalistiese konstitusionalisme, die Britse parlementarisme met sy ,,Party-system'' wat nêrens toe lei nie. **Anders as die demokraat van die ou orde pen ons nie ons koers vas aan konstitusionele reëls of beslommerende programme van beginsels nie. Hoofsaak is die ideologie soos ontwikkel uit die groeiende volk self en nie die formulering van individuele regte en grondwette nie.** Volle speling moet gelaat word vir die dinamiese ontplooiing van die nasionale lewe.

Die volkskoers is na 'n nuwe volkstaat. 'n Nuwe staat wat in wese en aard en funksie nasionaal in die sin van Afrikaans-nasionaal moet wees en so dat almal wat nie hul lot onvoorwaardelik met ons staat inwerp en net een trou en nasiediens uitleef nie, as uitlanders behandel word.

Ten slotte het genl. Smith herhaal dat die Ossewabrandwag staan vir die Nasionaal-Christelike ideologie wat deur die ossewa na die binneland gedra is. **In die nuwe wêreldomwenteling staan NAAS die Salazarisme van Portugal, die Falangisme van Spanje, die Fascisme van Italië en die Nasionaal-sosialisme van Duitsland, wat ooreenkomstig hul onderskeie volksaarde ontwikkel het, die Christelike-nasionale leer van die Ossewabrandwag soos gewortel in ons eie volksaard.**


## H.N.P. STEUN SAP IN VERKIESING

Nog 'n voorbeeld van hoe die H.N.P. met die Sappe saamspan teen die Ossewabrandwag in verkiesings, het onder ons aandag gekom. In die wyk Witberge, Laingsburg, het 'n verkiesing vir die Afdelingsraad plaasgevind. Die een kandidaat, mnr. Esterhuysen, is bekend as 'n baie sterk Smuts-ondersteuner. Teen hom het gestaan mnr. Theron, wat voorsitter is van die Boerevereniging, maar terselfdertyd ook kommandant in die Ossewabrandwag. Die H.N.P. het saam met die Sappe gespan en die kandidatuur van die Smuts-kandidaat gesteun met die gevolg dat mnr. Esterhuysen dan ook verkies is.

Dit is glo nie ondersteuning van die Regering se oorlogsbeleid as die H.N.P. 'n Smutsman aktief in 'n verkiesing steun nie, maar as die Ossewabrandwag buite stemming bly in Riversdal omdat hy nie kans sien om vir iemand te stem wat hom beveg nie, is dit steun aan die oorlogspoging!

Waarde vir geld

Kommando



-sigarette

# Schoemannello-Drank

is

*DIE SUIWERSTE EN BESTE*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyl .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn | | | |
| Ekstra Spes. .. | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., OUDTSHOORN.

**SCHOEMANNELLO-DRANK**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE



# BELÊ U GELD

waar dit van

**3½% tot 5%**

rente kan verdien.

Raadpleeg dadelik u

EIE VOLKSBANK

**SPOORBONDKAS BEPERK**

Posbus 8289. Johannesburg.

Takke oor die hele Unie.



ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*



# MARKAGENTSKAP

**Vroeë Môre Mark**

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Retief.

Telefoon 2-0212.



DAGBREEK vir die AFRIKANERS
STABILIS

Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met

- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

STABILIS-AGENTSKAPPE EN BELEGGINGS-MAATSKAPPY

Ons is Agente vir:
HELPMEKAAR KOLLEGE JOHANNESBURG.

Ook vir Bou-maatskappye en die vernaamste Assuransiemaatskappye!

Ons onderneem Afslaerswerk van Vaste Eiendomme en alle Losse Goedere, soos Huisraad, ens.!

Foon 30764—Kamer 801/2—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.



GEVRA

*50000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar om „Patriot" sal vra!*

VOORBRAND TABAK-MAATSKAPPY (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200,
JOHANNESBURG.


## DIE TUSSENVERKIESING IN RIVERSDAL

In die Kiesafdeling Riversdal het die O.B. moeite gedoen om sy standpunt wat reeds deur publieke verklarings bekendgemaak was, persoonlik aan die plaaslike partyleiers se aandag te bring. Die O.B. het dit openlik verkondig dat hy geen enkele stem sou laat uitbring op 'n kandidaat wat die O.B. beveg nie, wie hy ook al mag wees, **want dit sou 'n stem wees vir volksverdeeldheid en dus ook volksvernietiging en dit sou beteken aktiewe steun vir Smuts wat die O.B. en die Afrikanerdom beveg.**

Hoewel deeglik bewus van hierdie beleid van die O.B. is as kandidaat gestel mnr. P. K. le Roux, bekend as die leier van 'n kampanje teen die O.B. wat hy vroeër as offisier gedien het. As kandidaat het hy nog geen openbare versekering gegee dat hy die stryd teen die O.B. sal staak nie.

Die kandidatuur van mnr. P. K. le Roux *is* dus 'n onteenseglike uitdaging gerig teen die O.B. Die H.N.P. het met oop oë die risiko aanvaar, wetende dat hulle die O.B. kiesers sal vervreem. Van sodanige kiesers het die O.B. dus die reg om te verwag nie alleen uit getrouheid jeens die O.B. nie, maar ook uit selfrespek, dat hulle die O.B.-beleid sal steun.

## 'N NUTTIGE WENK

Die volgende nuttige wenk word deur mnr. C. J. M. van Coller van Buffeljagtsrivier aan die hand gedoen:

Leë bottels is baie skaars by die plekke wat dit nodig het, en duisende daarvan lê by huise wat miskien nooit diensbaar gestel sal word nie.

Ek wil aan die hand doen, omdat die kleinspan altyd baie ywerig is om iets te doen, dat die Penkoppe deur die hele land die leë bottels bymekaar maak, te koop teen 1d. stuk of gratis, en dan verkoop teen 2½d. en die geld aan die Noodhulpfonds gee. Dit kan elke maand gedoen word, en om die saak aan te moedig kan pryse aan elke Kommando by die end van die jaar uitgereik word aan dié wat die meeste insamel.

Selfs leë graansakke word baie verwaarloos deurdat baie mense nie die waarde daarvan besef nie. 'n Tweedehandse sak kan maklik gekoop word by privaat huise teen 6d. en verkoop word by winkels teen 9d.


# DIE GOEIE HOOP

(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.

VIR

Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.

Hoofweg, Durbanville. Foon 60.

VEEVOER (MIELIES-MIELIEMEEL-LUSERN).

Vra vir Kontrakvoorwaardes.

Mc Cormick Deering Landbouwerktuie.



# La Belle Alliance

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

*alle moderne geriewe*

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

*Ons Ontmoet alle Treine.*

Kloofstraat, Kaapstad.

## NATALSE AFRIKANERS WEIER OM TE SKEUR

### Organisasies Werk Saam

Op 'n openbare vergadering wat vir die distrikte Newcastle, Utrecht en Dundee op die plaas van mnr. C. K. Aveling, Langverwacht, distrik Newcastle, gehou is in oproep van mnr. Aveling, is die volgende voorstel eenparig en onder groot toejuiging aangeneem nadat mnr. Aveling verduidelik het dat hy die skeuring in ons volkslewe diep betreur (mnr. Aveling is voorsitter van die afdelingsbestuur van die H.N.P. of V., maar het die vergadering in sy persoonlike hoedanigheid belê):

,,Doel van hierdie vergadering is om 'n poging aan te wend dat ons Afrikaners as lede van verskillende partye en organisasies beslis weier om te skeur. Inteendeel staan ons blok bymekaar, nieteenstaande ons aan verskillende organisasies behoort wat dieselfde doel voor oë het, tot welsyn van die Afrikanerdom. Intussen kan ons voormanne en leiers onder mekaar hulle geskille uitveg; ons weier om onder mekaar te veg en gaan ook nie toelaat dat die Afrikanerdom opbrokkel en verdwyn nie — in elk geval nie in ons kiesafdeling nie, al is ons die enigste kiesafdeling in die hele Unie van Suid-Afrika wat hierde besluit aanvaar, want ons voel en weet dat voormanne en leiers op die toneel kom om weer te verdwyn, maar ons as Afrikanervolk met ons oë gerig in die skone blou hemel, glo waaragtig dat God Almagtig ons voorvaders en -moeders hier in Suid-Afrika gebring het om te bestaan as 'n Afrikanernasie, en nie om van die toneel te verdwyn nie.

,,Derhalwe gaan ons die Suid-Afrikaanse huis nie verdeel en opbrokkel nie. Want die huis wat teen homself verdeel is, kan en sal nie bestaan nie. En verder, wie nie teen ons is nie, is met ons."

Mnr. N. de Wet het toe voorgestel dat hierdie resolusie aan ons leiers en voormanne gestuur word en dit is ook eenparig aangeneem.

Die O.B.-generaal het mnr. Aveling gevra of hulle dieselfde dag, 21 Maart, by hom op die plaas 'n braaivleisfunksie mag hou vir die noodhulpfonds. Dit is toegestaan en ongeveer £70 is byeengebring. Mnr. T. Pienaar, O.B.-generaal, het om 3 n.m. die dag 'n pragtige besadigde en inspirerende toespraak gehou wat almal goedgedoen het.


**SASBANK**

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

**PORTERVILLE ROLLER MEULE**

Eienaar: J. A. du Toit.

Vars en Suiwer Koringmeel Altyd op Hande.

Gemaal van die Beste Koring in die Westelike Provinsie.

Eerlike Behandeling Gewaarborg.

PORTERVILLE.

**VOLKSKAS IS U EIE BANK!**

*Fondse oorskry £1,500,000.*

Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
**DAMES-ROKKE**
besoek
**Steyns**
PAROW SE NUWE MODERNE SAAK.

105 Takke 40,000 Lede — **AVBOB** — Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTENE

*BEREI USELF VOOR OP DIE TOEKOMS - - - - -*

Suid-Afrika staan op die drempel van ongekende ontwikkeling op alle gebied — Staatkundig, Industrieel en Kommersieel. U kan slegs u regmatige posisie in hierdie nuwe Suid-Afrika inneem indien u u omgord met kennis.

Die Toekoms behoort aan die Opgeleide Man.

**OOR DIE 200 KURSUSSE**

Omdat die Helpmekaar die enigste suiwer opvoedkundige Korrespondensiekollege in S.A. is, bied ons u aan: DIE BESTE LESINGS teen die BILLIKSTE LESGELDE.

Neem u eerste stap op die pad van sukses en

**POS DIE KOEPON VANDAG**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in......................
Naam:......................
Adres:......................
(O.B. 8 April) ......................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**
KORRESPONDENSIE KOLLEGE
Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,
JOHANNESBURG.
Posbus 3512. Foon 22-3512.

**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar:* D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.

V.M.K. AANBEVEEL.

**100 JAAR-OUD KARO-BOKKRAALMIS**

50 Ton en meer . . . . . . . . . . . . . . 26/-
20 Ton en meer . . . . . . . . . . . . . . 27/-
1 Ton en meer . . . . . . . . . . . . . . 28/-

Bogenoemde pryse algaar per ton van 11 goeie sakke. Die mis is hamermeul-gemaald, eersteklas vir gebruik deur kunsmistoestelle. Ek waarborg die mis 100 per sent suiwer en van die beste gehalte verkrygbaar, vry van sand of onkruid.

MISAS (POTAS) EN KRAALMIS GEMENG.

Bevat baie hoë minerale eienskappe. Die allerbeste vir die grond. Hamermeul-gemaald vir gebruik deur kunsmistoestelle.

10 Ton en meer . . . . 34/-. 9 Ton en minder . . . . 35/-.

Bogenoemde pryse algaar per ton van 10 goeie sakke.

MISAS (POTAS).

Hamermeul-gemaald vir gebruik in kunsmistoestelle.

10 Ton en meer . . . . 34/-. 9 Ton en minder . . . . 35/-.

Bogenoemde pryse algaar per ton van 10 goeie sakke.

MONSTERS OP AANVRAAG.

TERME: Kontant met bestelling. Gelewer vry op spoor. Referensie Standard Bank.

M. C. VAN DER MERWE,
Posbus 23, Jansenville.
Telegramme: van der Merwe.

*Die Trop Afrikaners . . . .*
**VENTERS**
Algemene Handelaars
Teekamer en Garage
van CAPITOL PARK
(Foon 2-6614)
Is My Handelsplek

DIE O.B., WOENSDAG, 15 APRIL, 1942.

# Nie so Merkwaardig

In ons vorige uitgawe het ons onder die opskrif „Geen rede vir Wanhoop" die innerlike eenheid van die Afrikanerdom ondanks die noodwendige verskil van mening wat in 'n oorgangstydperk moet bestaan, beklemtoon. Doel van die artikel was om 'n beter gees by ons volk te skep in die stryd tussen mense wat voorgee dat hulle dieselfde ideale vir ons volk nastrewe. Ons het gepleit dat in ons oortuiging dat die een of ander metode om die republiek te verkry die regte is, ons nie soveel bitterheid moet veroorsaak dat ons later nie kan deelneem aan die regte metode wat die toekoms sal uitwys nie. Met hierdie artikel wou ons ook die mense wat as gevolg van die stryd reeds op Moedverloor se vlakte staan, aanmoedig om nie wanhopig te word nie oor 'n verdeeldheid wat hoofsaaklik gaan oor die metode van optrede en dus nie 'n onheelbare breuk in ons volk hoef te veroorsaak nie.

Hierdie artikel het Die Burger egter aanleiding gegee om die reeds afkoelende stryd opnuut aan te blaas met 'n aanval op die O.B.-leiding. As ons die volk aanmoedig om nie wanhopig te word nie, voel hierdie blad hom blykbaar geroepe om ons daaroor aan te val, en as ons pleit vir minder bitterheid in die stryd, sien die blad daarin 'n swakheid wat deur hom uitgebuit moet word. Blykbaar sien hy vir die Party meer geleentheid om te floreer wanneer die volk in 'n toestand van wanhoop verkeer en wanneer soveel bitterheid veroorsaak word dat die volk alle oordeel verloor en op die regte oomblik miskien weier om die regte ding te doen.

Weens die wanvoorstelling van die artikel is ons ongelukkig genoodsaak om daarop te antwoord, en dan wil ons in die eerste plaas verklaar dat die inhoud daarvan nie so merkwaardig is as wat Die Burger voorgee nie. Die stuk is volkome in ooreenstemming met die O.B.-leiding se optrede totsover.

Omdat ons beklemtoon dat die verdeeldheid van die volk slegs 'n oppervlakkige en tydelike verdeeldheid is, wat „sal voortduur in meerdere of mindere mate tot op die oomblik wanneer een van die twee hul metode kan toepas," sou die O.B. se beywering vir volkseenheid nou net vroompraatjies wees. Die Ossewabrandwag se beywering vir eenheid hoef egter nie aan sy woorde getoets te word nie, sy dade spreek vir hom. **Was dit nie die Ossewabrandwag wat die volk reeds tot so 'n eenheid saamgesnoer het dat 'n gewone O.B.-vergadering aan die Rand sy vyftigduisend Afrikaners byeengebring het nie? En was dit nie juis die partyleiding wat daardie eenheid deur 'n ultimatum oor 'n bloot formele kwessie van wie se plig dit was om die beginsels van 'n republikeinse grondwet te verkondig, vernietig het nie? Was dit nie die O.B.-leier wat die geskil in die kiem wou smoor deur die hele saak in die hande van die Eenheidskomitee te laat nie? En was dit toe nie die Partyleier wat geweier het om die vergadering van die Eenheidskomitee by te woon nie? Was dit nie die Ossewabrandwag wat sy lede aangespoor het om geen skeuring te veroorsaak deur uit die Party te bedank nie, en was dit nie juis die Partyleier wat sy volgelinge „dringend" versoek het om uit die Ossewabrandwag te bedank nie? Was dit nie die Ossewabrandwag wat gewillig was dat sy offisiere ook maar lid van die Party kan wees nie, en was dit nie juis die Partyleiding wat al sy ampsdraers versoek het om hul lidmaatskap aan die O.B. op te sê nie?**

En as daar dan as gevolg van die Party se bemoeiinge verdeeldheid onder die volk gekom het, is dit dan verkeerd van die O.B. of in stryd met sy beleid van eenheid om die volk se aandag daarop te vestig dat hulle in wese nog nie verskeurd is nie, maar slegs oppervlakkig van mekaar verskil oor metode? — 'n verskil wat voortvloei uit die radikale onderskeid tussen die liberalistiese partypolitiek en 'n Afrikaanse volksbeweging.

Die Burger voer aan dat hieruit blyk dat die O.B.-leiding nie meer so seker is dat hul metode die regte is nie. Wat 'n rare gevolgtrekking! En dit in die aangesig van die volgende sin wat in genoemde stuk verskyn en deur Die Burger self aan die begin aangehaal word: **„Hy (die O.B.) glo nie meer dat die Liberalisme met sy eie wapens beveg kan word nie!"** Maar omdat die O.B. nie bereid is om bitterheid te veroorsaak oor sy geloof of ongeloof aan Britse metodes nie, en die volk wil vrylaat om enige wapen te gebruik wat hul insiens nodig mag word, en die volk nie met geweld wil dwing om van die een of ander wapen af te sien nie, daarom vind Die Burger dit „merkwaardig"!

Nadat die blad hierdie drogredenasie op papier vasgepen het, kom hy dan tot die verblydende gevolgtrekking dat die O.B. sy eie optrede in die afgelope twaalf maande skerp veroordeel. Die O.B. het die deuntjie gesing: Die Party is uitgedien. Van die Party is niks goeds te verwag nie. En nou kom vertel die O.B. aan die volk dat dit dwaas is om die Party op die ashoop te gooi, want eers die praktyk sal uitwys wie se metode die regte is. Aldus die redenasie van Die Burger.

Die O.B. glo aan sy eie metode, want hy glo nie meer aan die wapens van die liberalisme nie. Dit staan vas. **Maar nogtans het die O.B. selfs nadat die Partyleiding met sy uitdelgingstryd teen hom begin het, nog altyd sy lede aangespoor om binne die Party te bly, en het hy herhaalde maal beklemtoon dat hoewel hy glo dat daar geen verkiesings meer sal wees nie, hy sy gewig sal ingooi by enige verkiesingstryd ten behoewe van die republiek, indien soiets tog ooit sou plaasvind.** Ja selfs in tussenverkiesings is hy bereid om republikeinse kandidate te steun mits daardie kandidate nie mense is wat op die bloed van die O.B. loop en brul nie. Op die Offisiere-laer in Bloemfontein verlede jaar in Oktober het die voorsitter, ds. S. J. Stander, nog die beeld gebruik dat die Party en die O.B. die twee bene van die volk is, en dat ons nie een van die twee moet afkap omdat ons nie aan hom glo nie. Daarom het ons mense aangemoedig om binne die Party te bly, hoewel die O.B. leiding oortuig is dat die Party se metode nooit gebruik sal word nie. Die O.B. het dus nie die Party op die ashoop gegooi nie, maar die Partyleiding het die Ossewabrandwag op die ashoop gegooi deur hom tot 'n vyandige organisasie te verklaar, Partylede „dringend" te versoek om uit die O.B. te bedank en 'n uitdelgingstryd teen die O.B. te begin. Dit is die Partyleiding wat die O.B. as volkswapen op die ashoop gegooi het, en nie omgekeerd nie.

Ten slotte kla Die Burger dat in die hele stuk niks voorkom wat aandui dat die O.B. ook in die huidige stryd teen die Imperialisme belang stel nie! „Hulle het oë alleen vir die end van die oorlog."

Wat die eerste deel van die beswaar betref, kan ons slegs verklaar dat as ons skuldig is omdat ons in 'n artikel oor Afrikanereenheid nie iets inbring in verband met die Britse Imperialisme nie, die blad ons dieselfde verwyt kan toevoeg omdat in ons artikel geen melding gemaak word van George se verdonkeringsmaatreëls nie.

Wat die tweede deel van sy beswaar betref, behoort hy hom eerder te verheug oor die feit dat die O.B. op daardie punt blykbaar nog die woorde van die Partyleier van 18 Julie 1941 onderskryf en **dat die verdeeldheid dan selfs oor die metode nie so diep blyk te wees dat dit wanhoop hoef te veroorsaak nie.** Dr. Malan het naamlik daardie dag op Graafwater verklaar: **„Die vraag word gestel hoe ons hierdie republiek moet verkry. Ons kan aanneem dat as Duitsland die oorlog wen, hy die Britse Ryk sal wil verswak. Dit sal hy doen deur daarop aan te dring dat die volke binne die Ryk wat vry wil wees, van die Britse Ryk losgemaak word. Op hierdie punt stem die Duitse begeerte en ons strewe ooreen . . . Dit is ons hoop en vertroue in hierdie krisisuur van ons volksgeskiedenis."**

Dr. Malan het daardie dag bygevoeg dat Engeland die oorlog klaar verloor het. Ons weet nie of Die Burger sedertdien aan die uitslag van die oorlog begin twyfel het nie — in stryd met die Noodregulasies natuurlik! Maar die Kommandant-generaal het onlangs verklaar dat die O.B. die Noodregulasies op daardie punt eerbiedig, en nie aan die uitslag twyfel nie.

As die O.B. dan nou net oë het vir die end van die oorlog, en dit hom ten kwade gereken word, staan saam met hom skuldig, of liewer het op 18 Julie verlede jaar saam met hom skuldig gestaan, dr. D. F. Malan. **Iemand moes intussen van standpunt verander het.**

**Alle politieke berigte en kommentaar geskryf deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 918, Kaapstad.**


# AANDAG!!

DIE WOLRAAD WOLTEMADE HOOFKOMMANDANTSKAP
hou 'n
GESELLIGE BYEENKOMS
op
SATERDAG die 18de APRIL
by
KINGSWEG, YSTERPLAAT

Volkspele — Jukskei vanaf 3 n.m.
*BRAAIVLEIS IN DIE AAND*
Verversings word op die terrein verkoop

KOM SEKER!



# 'n Lesing

oor 'n
NUWE ORDE
vir
SUID-AFRIKA
sal gegee word deur
*DS. C. W. M. DU TOIT, L.V.*
in die
STADSAAL
te
WORCESTER
**Op 18 April om 7.30 n.m.**
ALLE BELANGSTELLENDES WELKOM.

**Hierdie betaalde advertensie is deur Die Burger geweier.**



# PEET KRUGER

(Vroeër van HENDRIK SUSAN)
se
AFRIKAANSE DANSPARTYE
Gereeld elke Vrydagaand
in
ADDERLEYSTRAAT 22
(Regoor Garlicks)
Musiek deur VAN WYNGAARD en sy ORKES. Onder leiding van mnr. M. PIENAAR.
**Toegang 7/6. Lede 6/-, Dubbel.**
Kaartjies verkrygbaar by PIENAAR se HAARSNY SALON. — Foon 3-1047.
Aanddrag a.s.b.



HAVENGA SE MOTORS
Agente vir
CHEVROLET en PONTIAC
MOTORKARRE
Goeie en billike bediening
**Posbus 45 — CERES**

# VERHOUDING TUSSEN DIE STELSELS

## Beskouing van Dr. Stoker se Boek „Die Stryd om Die Ordes”

**Die boek van dr. H. G. Stoker wat hier in beskouing geneem word, is verkrygbaar van die Administratiewe Buro, Gereformeerde Kerk, Molenstraat, Potchefstroom, teen 6s. 6d. posvry. Dit beslaan 281 bladsye.**

Daar was selde 'n tyd waar soveel gepraat is oor dinge waarvan mense so min weet as hierdie lewensbelangrike tydperk waarin ons ons vandag bevind. Daar is 'n lewensworsteling aan die gang tussen 'n afgeleefde orde wat eenmaal deur die volke van die wêreld verwelkom was as die ontsluiter van boeie, en 'n nuwe orde wat tans as die bevryder van volke geroem word. Die ou liberalistiese orde van individuele vryheid het eenmaal gebloei, later gekwyn en is eindelik besig om te sterf, en die rede vir sy ondergang is die kiem van verderf wat hy in homself gedra het. Vandag gryp ons weer na 'n nuwe orde om bevryding te bring, en hoewel ons weet dat alles wat die mens skep, verganklik is, is dit nogtans ons plig om te sorg dat ons daardie verganklikheid tot 'n minimum beperk, m.a.w. dat ons dit so na as moontlik aan die volmaakte bring. Om suiwer te bou vir die toekoms is daar kennis nodig. Geen argitek kan 'n plan ontwerp sonder die nodige argitektoniese kennis. So ook is dit vir ons volk nodig om vandag kennis te hê van die sake waaroor die worsteling gaan.

In die tweede plaas is dit nodig dat ons as volk behoort te weet wat ons eie lewensbeskouing is, want alleen dan sal ons in staat wees om te onderskei tussen wat ons eie is en wat vreemd is. **Ons moet sorg dat ons in ons toekomstige orde nie ook die kiem van verderf plant sodat ons nageslag eenmaal van ons „nuwe orde” smalend sal praat as die „ou orde” wat uitgeveeg moet word nie. En dit kan ons alleen doen deur so na as moontlik aan ons eie volksaard te hou. Ons moet bou op die wortel van ons volkshistorie, soos Kruger dit graag uitgedruk het.**

In die boek van dr. Stoker is 'n groot deel van die nodige kennis opgesluit. Hierdie werk is nie alleen 'n meesterlike oorsig — want dat dit nie meer as 'n oorsig is nie, erken die skrywer self — van die verskillende politieke stelsels van die teenswoordige nie, maar dit is inderdaad 'n noodsaaklike handboek vir elkeen wat hom op die politieke terrein wil waag. Vir die man wat graag na 'n uitgewerkte stelsel wil soek, sal die boek teleurstellend wees, want dit behandel nie die werkende stelsels in die verskillende lande nie. Dit is 'n beginsel-beskouing, 'n vergelyking van lewensbeskouings. Hoe daardie lewensbeskouing in die praktyk toegepas word of toegepas kan word in afwykende vorme, is van ondergeskikte belang. Wat die skrywer beoog — en skitterend in geslaag het — is om vir ons die grondtoon, die wortel van elke stelsel duidelik bloot te lê. Op daardie wortel kan gebou word 'n stelsel na gelang van die praktiese vereistes.

Dit is ook al wat nodig is. Dit is nie vir ons vandag moontlik om met 'n uitgewerkte stelsel tevoorskyn te kom vir die toekoms nie. Ons kan hoogstens 'n fondament neerlê waarop gebou kan word. Die boustene van daardie fondament is in die werk van dr. Stoker te vinde.

Die skrywer behandel die lewensbeskouing en beginsels van die Liberalisme, die Kommunisme, die Nasionaal-sosialisme, die Fascisme en die Calvinisme. Elkeen behandel hy so simpatiek as moontlik, terwille waarvan hy ook die woordjie „ons” in die behandeling van elke stelsel gebruik, waarna hy kritiek lewer van uit Calvinistiese lewensbeskouing om te sluit met die Toepassing waarin hy kortliks stilstaan by ons huidige politieke toestand. En hierin openbaar die skrywer 'n ruimhartige gees wat sy boek vir elkeen aanneemlik moet maak, hoewel daar punte van verskil in mag voorkom. As voorbeeld wil ek net 'n paar aanhalings neem. Op bladsy 269 stel hy ongeveer die houding wat ons teenoor stelsels in ander lande moet inneem. Dis geen vyandige houding wat alles as vreemd wil veroordeel nie: „Die ontwikkeling van die Calvinisme het die Calvinisme nie net aan homself te danke nie. Al die ander stelsels soek ook oorwinning van wantoestande, en hul pogings om die wantoestande te bemeester, m.a.w. hul ideologieë of stelsels bevat waarheidsmomente, wat dikwels juis hulle, en nie die Calviniste ontdek nie. Dit moet ons eerlik erken. Die Calvinis gee aan al dergelike waarheidsmomente egter hul plek in sy stelsel. Hierdie waarheidsmomente neem hy van die betrokke stelsel oor, nie omdat dit aan dié stelsel behoort nie. Want die stelsel vervals die waarheidsmomente deur hulle te oordryf, te verabsoluteer en te vergoddelik. Maar omdat hulle waarheidsmomente **is**, hoort hulle in die Calvinisme tuis. Die Calvinis neem met ander woorde van daardie stelsels terug wat potensiëel altyd syne was.”

Op bladsy 272 beklemtoon die skrywer dat die nood van vandag 'n volksnood is, en daarom word die hoofnadruk tans gelê op die volk. Hy stel die verhouding dan weer: „**Dit beteken dat ons gaan beklemtoon wat die Nasionaal-sosialisme ook beklemtoon (maar oordryf), nl. die volk. Dit beteken dat daar ooreenkoms tussen ons optrede en strewe en dié van die Nasionaal-sosialisme gaan wees; nie alleen negatief in die bestryding van die volksverbrokkelende Liberalisme in al sy vorme nie, maar ook positief in die wyse van verwesenliking van ons ideale. Ons gaan dan ook die waarheidsmomente van die Nasionaal-sosialisme vooropstel. Ons kan nie anders as om dit alles te doen nie, want ons volksgevaar No. 1 is vandag die Liberalisme, en ons hoogste nood op die oomblik is ons wegsinkende volk. Ons Calviniste gaan dus in ons doen en late skyn-Nasionaal-sosialiste word. Net in skyn. Want ons is geen Nasionaal-sosialiste nie. Ons Calvinistiese beginsels . . . gee ons nie prys in ons beklemtoning van die huidige volksnood en in ons benadrukking van ons plig om nou in die eerste plek hierdie nood op te hef en ons vir ons volksvryheid te beywer nie. Sodra die nasionale nood min of meer opgehef is, sal ons weer in harmonie met ons nasionale belange opnuut al hierdie ander beginsels moet beklemtoon.**”

Hier en daar mag iemand verskil oor 'n punt sonder dat dit die waarde van die boek verminder. 'n Beswaar van meer formele aard kan ingebring word teen die plek wat hy toeken aan partye in ons toekomstige staat. Dr. Stoker meen dat die euwels van die partystelsel uitgeskakel sal wees as politieke partye geen staatsmag uitoefen nie, maar bloot raadgewende liggame of rigtings word. In die eerste plaas sou dit gelukkiger gewees het as hy liewer die woord beweging of desnoods vereniging gebruik het in plaas van party. In die tweede plaas meen ons dat die euwels van die party in so 'n geval nie voorkom sal wees in 'n stelsel waar die president nog deur die volk verkies word nie. Omdat die president volmag het vir die tydperk van sy bewind, is dit net so belangrik vir 'n party as hy sy leier verkies kan kry as wanneer die liggaam met sy meerderheidstem regeer. Politieke groeperinge mag nie met die oog op verkiesing van die president gevorm word nie. Soiets was tewens ook in die ou Suid-Afrikaanse Republiek belet.

Dat verskillende geestesrigtings wel by die regering, d.i. die president, verteenwoordig moet word in een of ander vorm, is wenslik, maar dat hulle die vryheid mag geniet om 'n verkiesingsveldtog in belang van die een of ander kandidaat vir die presidentskap te voer, is buite sprake. Dit is trouens ook sekerlik nie wat dr. Stoker bedoel nie.

Die skrywer slaag so deeglik daarin om die ewewigtigheid van die Calvinistiese lewensbeskouing uit te beeld, dat hy jou hart by die lees daarvan eintlik warm laat klop vir jou volkseie. Baie duidelik kom dit uit in sy behandeling van die verskillende menslike verbande as leenfronte en aksiefronte van mekaar: „Elke menslike verband het die ander as sy aksiefronte nodig. Elke menslike verband is in verskillende opsigte aksiefront van al die ander. Sowel vir die leenfronte as die aksiefronte geld: help mekaar en dien mekaar; werk harmonies saam. Want die roeping van die mens (individueel en sosiaal) is een groot harmoniese eenheid, nl. die eenheid van die raadsplan van God met die mens op aarde.”

Ons kan dan ook nie help om die Calvinisme te sien as die arend op die wiel van die Ossewabrandwagwapen nie: hy kan neersak op 'n stelsel, maar as daardie stelsel weens sy aardsverankerdheid op loop gaan met hom, kan hy die vlerke uitbrei en op eie wieke sweef.

Dit is miskien nie onvanpas nie om te meld dat dr. Stoker 'n Kommandant in ons beweging is en dat sy boek ook deur die Kommandant-generaal aanbeveel is as 'n leidraad op ideologiese gebied.


## KRAALMIS

EGTE BOSSIEVELD DROË FYN KAROO-KRAALMIS

| | |
|---|---|
| 1 ton en meer .. .. .. .. .. | 29/- |
| 20 ton en meer .. .. .. .. .. | 28/- |
| 40 ton en meer .. .. .. .. .. | 27/- |
| In klante se sakke .. .. .. .. .. | 18/- |
| Mis en Mis-as om die helfte gemeng .. .. | 40/- |

Bostaande pryse algar per ton van twaalf goeie sakke gelewer Unie-stasies aan bona fide boere deur my. Die mis is droog hamermeul-gemaald, spesiaal voorberei vir kunsmistoestelle. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld. Geen onkruid. Monsters op aanvraag. Onmiddellike aflewering. K.m.b. of k.b.a.

Referensie: Volkskas, Port Elizabeth.

B. J. ROODE

Posbus 15, Klipplaat.



## Natuurgenesing

Afrikaners! Lees, Besluit, Oorwin!

Die hoogste kroon wag op u in die Nuwe Wêreld Orde, indien u ons die kans wil gee om u Gesond en Perfek van Liggaamsbou te maak. Ons Korrespondensiekursusse in Gesondheid en Liggaamsbou is ongeëwenaard, baie goedkoop en doeltreffend. Ons geneesmetodes is onfeilbaar, geen geval te hopeloos. Deel ons u moeilikhede mee, ons kan u help, geen probleem te groot. Spesiale geneesmetodes vir enige kwaal insluitende Suikersiekte. Besonderhede gratis van:

Die Instituut Vir Volksgesondheid.

Posbus 32, ALEXANDRIA, K.P.



## O.B. Almanak vir 1942

'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.

Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.

Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.

PRYS 2/- POSVRY.
18/- PER DOSYN.
Bestel van
O.B.-HOOFKWARTIER,
Voortrekkergebou 403,
JOHANNESBURG, TVL.

# Die Oorlog

Aan die oorlogsfronte het daar nogeens tot op datum nie veel nuuts voorgeval nie. Dit is weereens die Japanners wat nog altyd die inisiatief in hande het en wat die grootste bedrywigheid aan die dag lê. In die Filippyne word die nog oorblywende Amerikaanse strydmagte op die bergagtige Bataanskiereiland tans heftig aangeval. Dit is twyfelagtig of hierdie magte, wat reeds geruime tyd van alle toevoer afgesny is, hul verdediging lank sal kan handhaaf. Dit lyk of die president, self 'n Filippyn, ook so dink, want hy het reeds geruime tyd die land verlaat. (Die Amerikaanse magte het sedertien oorgegee. —Red. O.B.)

Hoewel die Japanse linker vleuel verdere landings op die Britse Salomon-eilande, noord-oos van Australië, deurgevoer het, is die oorlogsvoering in die Stille Oseaan op die oomblik tot weersydse lugbedrywigheid beperk. Dit is egter in die Indiese Oseaan en op Birma waar die Japanners vandag veral bedrywig is. Die bombardering van Ceylon, die belangrike voorpos van Indië, en ander Indiese kusstede en die noordwaartse voortdringing van die Japanners in Birma in die rigting van die belangrike olievelde het die gevaar vir die Britte in Indië nie verminder nie. Dit is nie die afskiet van 'n aantal Japanse vliegtuie oor Ceylon wat belangrik is nie, maar die onbelemmerde aanwesigheid van Japanse oorlogskepe in die Indiese Oseaan wat oorsaak vir groot Britse besorgdheid behoort te wees.

### INDIË

Intussen geniet Indië buitengewone belangstelling. Die onderhandelings tussen die Indiese leiers en Cripps, wat persoonlik na Indië gestuur is om aan hierdie winsgewes 'n soort van Westminster-statuut aan te bied, duur nog voort.

Dit lyk of dit met hierdie onderhandelings nie alte vlot gaan nie en selfs die hulp van Roosevelt se persoonlike verteenwoordiger word ingeroep om te help om die kloof tussen die Britse en Indiese standpunte te oorbrug. Daar is so baie vraagtekens in verband met Brits-Indiese verhoudings dat dit erg gewaagd is om voorspellings te maak.

Dit staan egter vas dat alle oë vandag op Indië gerig is en dis moontlik dat die resultate van die teenswoordige samespreking van die grootste belang sal wees. Die Britse aanbod aan Indië op hierdie tydstip staan in verband met die Japanse voortmars en is dus 'n noodmaatreël wat waarskynlik minder moeilikhede sou gelewer het as dit nie 'n noodmaatreël was nie, maar jare vroeër aan Indië vrywillig aangebied was.

Aan die ander oorlogsfronte in Europa en Afrika is daar niks nuuts te vermeld nie. In Rusland het die lente reeds 'n aanvang geneem en dit skyn seker dat die Russiese winter-offensief, waaraan soveel wensdenkery verbonde was, nie die gewenste resultate gelewer het nie. Dit word vandag selfs in Britse kringe toegegee dat die Russiese winter nie vir Hitler se leërs dieselfde noodlottige gevolge het nie as dit vir Napoleon gehad het. Vandag word selfs in die Britse beriggewing meer en meer van 'n Duitse lenteoffensief en al minder van 'n Duitse ineenstorting gepraat. Sal ons ook in die Russiese winteroffensief 'n herhaling vind van die grootpraterige wensdinkery waarmee ons in hierdie oorlog reeds so dikwels kennis gemaak het? En wanneer word die taak van die Russe verlig deur die stigting van 'n nuwe front teen die Duitsers?

Terwyl die wapens op die oomblik ietwat swyg, word daar nog altyd dapper gepraat oor groot offensiewe in 1943, oor astronomiese getalle oorlogstuig en geldsomme, ens. en soek Roosevelt na 'n naam vir die huidige oorlog. Nieteenstaande die geweldige nederlae wat veral die Bondgenote gedurende hierdie oorlog gely het, nederlae waaraan 'n hele reeks van hulle reeds beswyk het, word daar veral gepraat oor die groot uiteindelike oorwinning en die gewisse nederlaag van die Spilmagte.

Met die oog op die gebeurtenisse sedert 3 September 1939 en die gloeiende optimisme wat deurgaans daardie skokkende gebeurtenisse begelei het, is daar vandag baie mense wat nie langer met 'n blote ,,ons gaan wen'' bevredig kan word nie. Die mense wil weet hoe, waar en wanneer.

### HISTORIESE BEWYSE

Antwoorde op hierdie vrae word deur toonaangewende mense dikwels uit die historiese verlede gehaal. So word bv. beweer dat die sterkste seemag in die verlede altyd die eindoorwinning weggedra het en daarom sal die Anglo-Amerikaanse bondgenote dit ook hierdie keer doen; voorts, dat Brittanje in die oorloë van die verlede dikwels al die veldslae behalwe die laaste verloor het en dit sal wel nou ook weer gebeur; dan weer, dat Duitsand gedurende die oorlog van 1914-1918 ook groot oorwinnings behaal het en nogtans die oorlog verloor het en dit sal ook nou weer die geval wees; verder, dat Napoleon in die Russiese veldtog van 1812 sy ondergang gevind het en dit sal ook eersdaags die lot van Hitler in Rusland wees; en eindelik, soos die onderworpe volke teen 'n Napoleon opgestaan het, so sal ook eersdaags die verowerde lande teen die Spilmagte in opstand kom en hulle ondergang bewerk.

Al hierdie sogenaamde historiese argumente gaan egter uit van die populêre dwaalbegrip dat die geskiedenis hom herhaal. Die volgende keer meer hieroor.

J. A. W.

8.4.1942.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geinterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | £2,472 | 10 | 6 |
| Aanvullend op Lys W4, W5 en W6 Kaapstad | £7 | 4 | 6 |
| D. de Vos Beaufort-Wes | 1 | 0 | 0 |
| D. Krynauw Beaufort-Wes | | 2 | 6 |
| Lys 100, , 404 en 405 Tarkastad | 37 | 14 | 0 |
| Vryheidsdag Kollekte Tarkastad | 12 | 6 | 0 |
| Lys 367 Port Elizabeth-Suid en Walmer-Kommando | 8 | 0 | 0 |
| Mnr. F. B. Jordaan Somerset-Oos | 5 | 0 | 0 |
| Lys 213 Groot Brakrivier | 2 | 6 | 0 |
| Vryheidsdag Kollekte Groot Brakrivier | 6 | 1 | 5 |
| Vryheidsdag Kollekte Karreedouw | 10 | 8 | 0 |
| Lys 50 en 240 Manne- en Vroue-Kommandos Karreedouw | 20 | 0 | 0 |
| Mnr. S. J. Potgieter-Richmond | 1 | 0 | 0 |
| Lys 342 Manne- en Vroue-Kommandos Prieska | 10 | 18 | 0 |
| Manne-Kommando, Willowmore | 27 | 14 | 6 |
| Lys 103 en 155 Manne- en Vroue-Kommandos Carnarvon | 26 | 7 | 6 |
| Vroue-Kommando Ceres Lys 2, 157, 472 | 19 | 16 | 11 |
| Mnr. G. L. Auret McGregor | | 13 | 0 |
| Joubertina Veldkornetskap | 2 | 1 | 0 |
| Totaal | £2,671 | 13 | 10 |

Die bedrae van £31-9-9 en £13-13-0 wat in Die O.B. van 11 Maart laaslede as van Komgha Kommando erken was moet **Kango Kommando, Oudtshoorn** wees en nie Komgha Kommando nie.

Munisipaliteit van Robertson.

## KENNISGEWING No. 3/1942.

VAKATURE:
STADSKLERK EN TESOURIER.

Applikasies, as sulks gemerk, word gevra en sal deur die ondergetekende tot en op Maandag, 11 Mei 1942, ontvang word vir die betrekking van Stadsklerk en Tesourier vir hierdie munisipaliteit.

Applikasies in eie handskrif moet volledige besonderhede van ouderdom, kwalifikasies en ondervinding meld, en vergesel gaan van gesondheidssertifikaat en drie gesertifiseerde afskrifte van die jongste getuigskrifte.

Applikante moet ten volle tweetalig wees en op die vroegste datum waarop dienste aanvaar kan word meld. Die salaris verbonde aan hierdie pos is £500 per jaar met jaarlikse verhogings van £20, onderworpe aan bevredigende diens, tot 'n maksimum van £600 per jaar. Die Raad besit 'n pensioenskema waarby die suksesvolle applikant sal moet aansluit.

Kandidate wat regstreeks of onregstreeks stemme van Raadslede werf sal gediskwalifiseer word.

E. R. MALHERBE,
Stadsklerk.

Munisipale kantoor,
Robertson.
25 Maart 1942.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

AAN Hoof Genl. en Mev. J. H. Moolman, Cradock, 'n fris klein brandwag op 29 Maart 1942. Albei wel. Naas die Heer ons hartlike dank aan die Dr. en verpleegster. — Merino, Cradock.

### VERLOWING

KRUGER — WIGGILL: Hiermee maak ons, Ester (Durban) en Bennie (Bethlehem) aan al ons O.B.-vriende bekend dat ons verloof is.

VAN RENSBURG — LOMBARD: Die verlowing van Katie (Steyn), De Rust, Brackenfel en staf Sersant Ben van Rensburg, 1ste Lugafweer Soekligte, Polsmoor, word bekend gemaak.

### IN MEMORIAM

AURET. — In liefdevolle herinnering aan Abraham Zacharias Auret, gesterwe te Diep Rivier op die 11de April 1937, in die onderdom van 81 jaar.

A. Z. A. Auret Jnr. en Gesin.

McGregor.

BURGER. — Na twee lange jare van stilte, trane en innige verlange, dink ons weer aan die onvergeetlike nag van 12 April 1940, toe ons moes afskeid neem van ons geliefde eggenoot en vader Floris.

Geen nag was te donker, geen offer te veel,
Veral in ons leed het hy altyd gedeel;
Hy is nou weg en veilig, gelukkig en bly,
Van kommer, lyding en smarte bevry.
Dog hier in ons harte is die wond nog so rou,
Oor 'n pappie se heengaan, ons vader so trou.

Die bedroefde eggenote en kinders.

Wolseley.

### GROETE

MEVR. Kemp (Snr.), dr. en mevr. Kemp, Karl en Fritzie wens hiermee hulle vriende en vriendinne hartlik te groet. Jammer die tyd was so beperk dat hulle nie almal persoonlik 'n handdruk kon gee nie. Hou Koers!

### BETREKKING GEVRA

JONG gematrikuleerde O.B.-lid (man) soek 'n betrekking naby Kaapstad. Skryf aan: F. Loubser (Jnr.), ,,Vrede,'' Karookop, Het Kruis.

GETROUDE man soek betrekking as Bestuurder op 'n plaas. Ondervinding van gemengde Boerdery. Eerlik en vooruitstrewend. Meld a.s.b. salaris en vooruitsigte. J. D. Olivier, Lushof, Kuruman.

### TE KOOP GEVRA

OMTRENT 25 pond beste kwaliteit gedroogde geskilde perskes. Monster en prysopgawe aan O. L. NEL, Middleton, Greytown, Natal.

### TE KOOP

KAAPSE vroeë uiesaad teen 10/6 per pond k.m.b. van **Mike le Roux, P.K. Keysers, Dist. Uniondale.**

### KAAPSE VROEGPLAT UIESAAD

**Strooikleur, 15/- per lb., k.m.b.**
E. C. STEYN,
Bus 37. SOMERSET-WES.

### APPELS

**APPELS:** Rome Beauty, Pearmain, Ohenimuri, 10/6 per kissie. K.M.B. of K.B.A. Leë inhouer terug. **Kookappels 6/6 per kissie.** V.O.S. **B. J. STANDER, Privaat Possak, Westwood, Dist. George.**

### BOME

GEOKKULEERDE Pekaanneutbome, Tung, Vrugte en Rose. Besigheid 20 jaar ge-estabiliseerd. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.

**RUDMANSE EDENDALE KWEKERY,**
EDENDALE — NATAL.

### HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

**Posbus 660, JOHANNESBURG.**

Duisende Klante vanaf Kaap tot aan Zambesi het maksimum sukses behaal met ons geakklimatiseerde **Vrugtebome** en keurige **Rose**. Bestel nou vir **Junie, Julie, Augustus** planting en wees seker van Tevredenheid! Geillustreerde Plantgids gratis.

### GOUDA KAAS

LEKKER Gouda Kaas. Vriende koop julle kaas van my. Vanaf 1 lb., 4 lb., 7 lb. Goeie kwaliteit. 1/3 per lb. v.o.s. J. H. BEKKER, Milford, INDWE.

*Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystr., Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*